Verwysing: 5/1/P
Lêerno.: 20191024-857
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0005/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore) en Hoofonderwyskundiges (Hoofkantoor en distrikskantore)

Kort opsomming: *Die doel van hierdie omsendbrief is om die hersiene Rekenpligtige Beampte se Stelsel en Verskaffingskettingbestuursdelegasies wat op die Wes-Kaap Onderwysdepartement van toepassing is, uit te reik.*

Onderwerp: Hersiening van die Rekenpligtige Beampte se Stelsel en Verskaffingskettingbestuursdelegasies

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om die hersiene Rekenpligtige Beampte se Stelsel en Verskaffingskettingbestuursdelegasies (VKB-delegasies) wat op die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) van toepassing is, uit te reik. Die WKOD se Rekenpligtige Beampte se Stelsel en VKB-delegasies is aangeheg en moet onmiddellik in werking gestel word.

2. Die WKOD moet voldoen aan Hoofstuk 16A van die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie-instruksies (PTI's), uitgereik op 23 September 2019, wat op 01 Oktober 2019 in werking getree het.

3. Paragraaf 3.1.1 van Hoofstuk 16A van die PTI's bepaal dat "*the accounting officer or accounting authority of an institution to which these Instructions apply must develop, document, maintain and implement an effective and efficient supply chain management system*".

4. Volgens artikel 38(1)(*a*)(iii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999 (Wet 1 van 1999):
   (1) "*the accounting officer for a department, trading entity or constitutional institution—*
      (a) must ensure that the department, trading entity or constitutional institution has and maintains—

(iii) an appropriate procurement and provisioning system which is fair, equitable, transparent, competitive and cost effective;".

5. Die Rekenpligtige Beampte se Stelsel is ontwikkel om ooreen te stem met die voorgenoemde PTI's en die WOFB, en om nakoming van die voorskrifte te verseker.

6. Die WKOD moet van tyd tot tyd die Rekenpligtige Beampte se Stelsel en VKB-delegasies hersien om hulle geldigheid en volledigheid te verseker. Die Hoof van Onderwys het op 09 Desember 2019 wysigings aan die Rekenpligtige Beampte se Stelsel en VKB-delegasies goedgekeur.

7. U word dus versoek om te verseker dat alle VKB-praktisyns aan die hersiene VKB-prosesse voldoen ooreenkomstig die voorgenoemde Rekenpligtige Beampte se Stelsel en VKB-delegasies wat onmiddellik in werking getree het. Afskrifte van die hersiene Rekenpligtige Beampte se Stelsel en VKB-delegasies is aangeheg.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-01-20